

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Saak Nr. : 567/2005

In die saak tussen:-

ALWYN LOUIS SCHLEBUSCH

Eiser

en

MOHOKARE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT

Verweerder

GIDEON ODENDAAL

Derde Party

CORAM:

VAN ZYL R

UITSPRAAK DEUR:

VAN ZYL R

GELEWER OP:

11 OKTOBER 2007

[1] Hierdie is 'n uitspraak in die beregting van 'n eksepsie wat eiser teen verweerder se (gewysigde) verweerskrif (hierinlater na verwys as "verweerskrif"), meer in besonder teen 'n spesiale pleit geopper in verweerder se verweerskrif, ooreenkomstig die bepaling van Reël 23 aangeteken het.

[2] Eiser het verweerder gedagvaar op 'n deliktuele skuldoorsaak voortspruitend uit 'n voorval wat op 19 September 2002 te Rouxville plaasgevind het, die

besonderhede waarvan nie relevant is vir doeleindes van die onderhawige uitspraak nie. Verweerder is 'n staatsorgaan soos bedoel in die omskrywing van “staatsorgaan” soos dit voorkom in artikel 1 van die Wet op die Instel van Regsgedinge teen sekere Staatsorgane, Nr. 40 van 2002 (hierinlater na verwys as “die Wet”). Voortspruitend uit die voorskrifte van die Wet, het eiser die volgende bewerings in paragraaf 9 van sy (gewysigde) Besonderhede van Vordering gemaak:

“9.1 Eiser het aan verweerder kennis gegee van sy eis uit hoofde van die bepalings van die Wet op die Instel van Regsgedinge teen sekere Staatsorgane Nr. 40 van 2002 en word 'n afskrif daarvan hierby aangeheg en gemerk aanhangsel “B”.

9.2 Verweerder het nie in terme van artikel 4(a) gesteun op eiser se laat kennisgewing met betrekking tot aanhangsel “B”.

[3] Aanhangsel “B” is 'n skrywe deur eiser se prokureurs van rekord, gerig aan verweerder, gedateer 7 Januarie 2005. Dit blyk uit die inhoud van hierdie skrywe dat dit bedoel is as 'n kennisgewing ooreenkomstig die bepalings van die Wet. Ek

meen dit is doelmatig om die volgende gedeeltes uit hierdie skrywe aan te haal:

“Die moontlikheid bestaan egter dat daar ‘n argument kan wees dat ons kliënt nie binne ses maande vanaf die datum wat die skuld opeisbaar geword het die kennisgewing aan u gegee het nie, en vir die doel versoek ons u dat u kondonاسie verleen vir die laat kennisgewing, welke kondonاسie ons u versoek uit hoofde van gesegde Wet en wel artikel 3(4) daarvan. Die onderhawige vordering het nog nie verjaar nie, bestaan daar omstandighede waarom ons kliënt u nie betyds aangemaan het nie en is u ook nie benadeel vanweë enige laat kennisgewing nie.

Ons verneem dus dringend van u of u hierdie aanmaning aanvaar as binnetyds gestuur en indien nie, waarom nie.

Indien ons kliënt aansoek moet loods om kondonاسie sal ons die Hof in die Hof se diskresie versoek dat u gelas word om die kostes van sodanige aansoek te betaal. Ons verneem dringend van u.”

- [4] Verweerder het die volgende spesiale pleit, synde die spesiale pleit waarteen die eksepsie gerig is, in paragraaf 1 van sy verweerskrif geopper:

- “1.1 Blykens die Besonderhede van Vordering het die skuldoorsaak ontstaan op 19 September 2002 en het die beweerde skuld bygevolg op 19 September 2002 opeisbaar geword; en
- 1.2 skriftelike kennis is eers aan verweerder gegee soos bedoel in artikel 3(1)(a) van die Wet op die Instel van Regsgedinge teen sekere Staatsorgane, Wet Nr. 40 van 2002 (hierna genoem “die Wet”), op of omtrent 7 Januarie 2005; en
- 1.3 in die vooropstelling is die gemelde skriftelike kennis wat aan verweerder gegee is, nie binne die vereiste ses maande soos bedoel in artikel 3(2)(a) van die Wet gegee nie, maar byna twee jaar en vier maande nadat die skuld opeisbaar geword het; en
- 1.4 het eiser aksie ingestel teen verweerder gedurende Februarie 2005; en
- 1.5 in terme van artikel 3(1) van die Wet, was en is die instel van sodanige aksie teen verweerder in die omstandighede, onontvanklik in die reg en wel op grond van die faktore soos uiteengesit in paragrawe 1.1, 1.2 en 1.3 *supra*.
- 1.6 In die vooropstelling steun Verweerder nou in hierdie Verweerskrif in terme van artikel 3(4)(a) van Wet 40 van 2002, op Eiser se versuim om in terme van Artikel 3(2)(a) van die Wet binne die vereiste 6 (ses) maande nadat die

skuld opeisbaar geword het, Verweerder skriftelike kennis te gee;

- 1.7 Eiser het verdermeer nie by die Hof wat regsbevoegdheid het, aansoek gedoen vir kondonاسie vir voormelde versuim, soos bedoel in artikel 3(4)(a) van Wet 40 van 2002, nie; en
- 1.8 aangesien Artikel 3(1)(a) van die Wet bepaal dat geen regsgeding ingestel word teen 'n Staatsorgaan, tensy skriftelike kennis gegee is soos bedoel in terme van die Wet nie, en daar soos vermeld nie betyds skriftelike kennis gegee is nie, en nie kondonاسie verkry is by 'n bevoegde Hof nie, kom die instel van hierdie aksie in die afwesigheid van behoorlike voldoening aan die Wet of die verkryging van kondonاسie, daarop neer dat die aksie ononvanklik in die reg is.

Weshalwe smeeK Verweerder dat Eiser se vorderings van die hand gewys word, met koste.”

- [5] Eiser se eksepsie is daarop gebaseer dat verweerder se spesiale pleit bewerings mis ten einde daarop te kan steun dat eiser nie voldoen het aan die voorskrifte van artikel 3 van die Wet nie en dat eiser se vordering bygevolg regtens nie ontvanklik is nie. In die verband blyk dit uit eiser se

kennisgewing van eksepsie in terme van Reël 23 dat eiser hoofsaaklik op die volgende steun:

5.1 Dit is gemeensaak tussen die partye dat nie voldoen is aan die bepalings van artikel 3(1), saamgelees met artikel 3(2)(a) van die Wet, nie, deurdat eiser nie binne 6 (ses) maande vanaf die datum waarop die skuld opeisbaar geword het, die tersaaklike kennisgewing aan verweerder beteken het nie en dat verweerder ook nie skriftelik toegestem het tot die instel van die regsgeding soos bedoel in artikel 3(1)(b)(ii) van die Wet nie.

5.2 Artikel 3(4)(a) van die Wet het tot gevolg dat verweerder daarop kon steun dat betekening van die kennisgewing op verweerder nie ooreenkomstig artikel 3(2)(a) van die Wet geskied het nie. In daardie geval sou eiser by die Hof kon aansoek doen vir kondonاسie van die versuim om binne die voormelde tydperk die betrokke kennisgewing aan verweerder te beteken. Die Hof sou dan kondonاسie aan eiser kon verleen in terme van artikel 3(4)(b) van die Wet. Verweerder

beweer nie en steun nie daarop dat verweerder voor uitreiking en betekening van die dagvaarding daarop gesteun het dat eiser versuim het om aan artikel 3(2)(a) te voldoen het. Verweerder ontken ook nie in sy verweerskrif eiser se bewering dat verweerder nie gesteun het op voormelde versuim van eiser om die kennisgewing bindestyds te beteken nie. Gevolglik was eiser nie verplig en ook nie geregtig om vir kondonاسie aansoek te doen by die Hof soos bedoel in artikel 3(4)(a) van die Wet nie.

- 5.3 Verweerder steun vir die eerste keer in die verweerskrif daarop dat eiser versuim het om te voldoen aan die voorskrifte van artikel 3(2)(a) van die Wet. Verweerder is nie geregtig om na die instel van die aksie vir die eerste keer op sodanige versuim te steun nie, aangesien eiser nie kragtens artikel 3(4) van die Wet kan aansoek doen om kondonاسie hangende die geding wat reeds ingestel is nie. Laasgenoemde bewering is gebaseer op 'n interpretasie van artikel 3(4)(c) van die Wet, welke artikel die Hof magtig om verlof te gee tot die instel van 'n regsgeding teen

verweerder en dus nie voorsiening maak vir 'n geval waar 'n regsgeding reeds ingestel en hangende is nie.

5.4 Bygevolg was eiser nie geregtig en ook nie verplig om vir kondonasie aansoek te doen soos deur verweerder gepleit in sy spesiale pleit nie.

[6] Volgens die bepalings van Reël 23(1) kan 'n eksepsie geopper word wanneer, onder andere, 'n pleitstuk bewerings mis wat nodig is om die verweer te staaf. Dit kan onder die volgende omstandighede wees:

“A pleading lacks averments which are necessary to sustain a defence

- (i) where the pleading does not justify the conclusions drawn therein; or
- (ii) where the defence raised, though adequately pleaded, does not in law constitute a defence to the claim.”

(Sien **Superior Court Practice**, Erasmus, op B1–158.)

[7] Dit blyk dat verweerder se eksepsie neerkom op 'n kombinasie van laasgenoemde twee omstandighede. Aan

die een kant beweer eiser dat indien verweerder hierdie spesiale pleit wou opper, verweerder moes beweer het dat verweerder op die stadium wat die kennisgewing ontvang is, daarop gesteun het dat eiser versuim het om aan artikel 3(2)(a) van die Wet te voldoen. Dit word terselfdertyd deur die eksepsie geopper dat indien die spesiale pleit gelees word soos dit tans staan en dit dus vanweë die gebrek aan 'n bewering tot die teendeel, aanvaar word dat verweerder nie op eiser se nie-nakoming van die bepalings van artikel 3(2)(a) van die Wet gesteun het in reaksie op die ontvangs van die kennisgewing nie, kan verweerder nie nou in sy verweerskrif vir die eerste keer daarop steun nie en daarom stel dit nie 'n verweer daar nie. In die verband is dit eiser se saak dat verweerder nie geregtig is om na die instel van die aksie op eiser se sodanige versuim te steun nie, aangesien eiser ooreenkomstig 'n uitleg van die bepalings van artikel 3(4)(c) van die Wet nie kan aansoek doen om kondonاسie hangende of nadat die geding reeds ingestel is nie.

- [8] Die sukses, al dan nie, van die eksepsie is gevolglik in wese gebaseer op die beregting van 'n regsvraag, welke regsvraag aan die hand van die interpretasie van die

bepalings van die Wet beslis moet word. Die vraag behels in wese twee aspekte wat hand aan hand loop, synde:

- (a) indien eiser versuim het om binne 6 (ses) maande vanaf die datum waarop die skuld opeisbaar geword het kennis te gee van sy voorgenome eis soos bedoel in artikel 3(2)(a) van die Wet, maar wel kennis gegee het op 'n latere (laat) datum en verweerder nie voor uitreiking van dagvaarding, met ander woorde in reaksie op sodanige laat kennisgewing, gesteun het op eiser se voormelde versuim nie, kan verweerder dan nadat dagvaarding beteken is in die verweerskrif vir die eerste keer op sodanige versuim steun; en
- (b) kan eiser in 'n geval soos die voormelde, dus aansoek doen vir kondonاسie van die laat kennisgewing nadat die geding reeds ingestel is?

[9] Mnr. Van Rooyen, namens eiser, het in wese die volgende argumente voorgehou ter ondersteuning van eiser se eksepsie:

9.1 Hy het verwys na die bepalings van artikel 3(4) van die Wet wat, onder andere, voorsiening maak daarvoor dat 'n staatsorgaan kan steun op 'n skuldeiser se versuim om tydig 'n kennisgewing te beteken, in welke geval die skuldeiser by die Hof kan aansoek doen vir kondonاسie van die versuim. Daarmee saam het hy ook verwys na die bepalings van artikel 5(2) van die Wet en aan die hand gedoen dat die tydperk van 30 dae waarvoor daarin voorsiening gemaak word, juis daar is om die staatsorgaan die geleentheid te bied om die kennisgewing sowel as die voorgenome eis te oorweeg. Indien die kennisgewing dus nie voldoen aan die voorskrifte van artikel 3(2)(a) nie, moet die staatsorgaan op daardie stadium (binne die 30 dae tydperk) daarop steun en moet die skuldeiser bygevolg op daardie stadium dienooreenkomstig daaroor ingelig word. Indien die staatsorgaan daarop steun, kan die skuldeiser dan aansoek doen vir kondonاسie vir die versuim soos bedoel in artikel 3(4)(a) van die Wet, met ander woorde voor uitreiking van dagvaarding.

9.2 Volgens Mnr. van Rooyen ondersteun 'n behoorlike uitleg van artikel 3(4) van die Wet laasgenoemde gevolgtrekking en dus ook die gevolgtrekking dat indien die staatsorgaan nie gedurende die 30 dae na ontvangs van die kennisgewing op die skuldeiser se versuim gesteun het nie, die skuldeiser nie geregtig is om daarop te steun na die uitreiking van dagvaarding nie. In die verband het hy verwys na die bepalings van artikel 3(4)(c) wat bepaal dat indien kondonاسie toegestaan word, die Hof verlot tot die "instel" van die betrokke regsgeiding kan verleen op die voorwaardes tot betrekking tot kennisgewing aan die staatsorgaan wat die Hof goedvind. Wat dus gekondoneer word, aldus Mnr. Van Rooyen se argument, is die nie-tydige betekening van die kennisgewing en nie die feit dat dagvaarding uitgereik is nie. Gevolglik het die interpretasie van artikel 3(4)(c) tot gevolg dat die Hof nie by magte is om 'n aksie wat reeds ingestel is nadat laat kennisgewing gegee is, te kondoneer nie. 'n Aansoek om kondonاسie kan nie geloods word nadat aksie reeds ingestel is en hangende sodanige aksie nie.

9.3 Aldus sy argument beteken dit dus ook dat indien die aksie reeds ingestel is onder omstandighede waar die staatsorgaan nie binne 30 dae na betekening van die kennisgewing op eiser se versuim om tydige kennisgewing te gee gesteun het nie, 'n aansoek om kondonاسie onnodig is.

9.4 Wat betref die interpretاسie van artikel 3(4)(c) as sulks, het Mnr. Van Rooyen betoog dat die woord “kan” slaan op 'n diskresie wat aan die Hof verleen word met betrekking tot die voorwaardes wat betref kennisgewing aan die staatsorgaan en nie op 'n diskresie om verlof vir die instel van die regsGEDING te verleen nie. In die alternatief hiertoe was dit sy betoog dat die woord “kan” vertolk moet word as “moet”, anders sal dit tot gevolg hê dat waar die kennisgewing nie tydig gegee is nie en die staatsorgaan beswaar maak daarteen, waarna die eiser aansoek doen om kondonاسie en die aansoek toegestaan word, daar 'n diskresie aan die Hof verleen word of die regsGEDING

ingestel kan word al dan nie, wat op 'n absurditeit sal neerkom.

9.5 Aangesien artikel 3(4)(a) slegs voorsiening maak vir 'n aansoek vir kondonاسie van 'n skuldeiser se versuim om ingevolge artikel 3(2)(a) 'n kennisgewing te beteken, het Mnr. Van Rooyen betoog dat dit net voorsiening maak vir 'n situاسie waar 'n kennisgewing laat beteken is en nie waar geen kennisgewing beteken is nie. Op basis van laasgenoemde interpretاسie het Mnr. Van Rooyen dus betoog dat artikel 3(4)(c) nie voorsiening sou maak vir die Hof om verlof te verleen tot die instel van die aksie en voorwaardes daar te stel met betrekking tot kennisgewing aan die staatsorgaan as dit nie bedoel was dat die aansoek om kondonاسie gedoen (en dus toegestaan) moes word voor die instel van die regseding nie.

9.6 In die lig van voormelde argument, het Mnr. Van Rooyen bygevolg betoog en aan die hand gedoen dat indien verweerder wou steun op eiser se versuim om

tydig kennisgewing te gee, verweerder voor die instel van die aksie daarop moes steun, waarna eiser dan sou kon aansoek doen vir kondonاسie. Waar verweerder egter nie in reaksie op die kennisgewing op daardie versuim gesteun het nie, kan verweerder nie in sy verweerskrif vir die eerste keer daarop steun nie, aangesien eiser nie op daardie stadium, dit wil sê wanneer die geding reeds hangende is, kan aansoek doen vir kondonاسie nie. Waar verweerder dus nie voor uitreiking van die dagvaarding op eiser se versuim gesteun het nie, was eiser geregtig om bloot voort te gaan met die uitreiking van die dagvaarding en hoef (en kan) eiser nie aansoek doen vir kondonاسie nie.

[10] Ter ondersteuning van sy argument dat die eksepsie van die hand gewys behoort te word, het Mnr. Jordaan, namens verweerder, die volgende argumente voorgehou:

10.1 Artikel 3(4)(b), welke artikel handel met die vereistes waarmee die Hof tevrede moet wees alvorens dit 'n aansoek om kondonاسie in terme van artikel 3(4)(a)

kan toestaan, bevat geen tydsbeperking vir sodanige kondonاسie aansoek nie.

10.2 Voorts beperk die bepalings van artikel 3(4)(c) nie die bevoegdhede van die Hof in terme van artikel 3(4)(b) nie, maar maak dit slegs uitdruklik voorsiening vir gevalle waar die instel van die aksie nog nie geskied het nie. Hierdie argument baseer hy daarop dat ooreenkomstig artikel 3(4) die Hof kondonاسie kan verleen vir 'n totale versuim om enige kennisgewing te beteken sodat geen kennisgewing nodig is nie en ook vir 'n 'n gebrekkige of buitentydse kennisgewing deur die tydsverloop van langer as 6 (ses) maande te kondoneer.

10.3 Ter ondersteuning van die argument dat artikel 3(4) ook voorsiening maak vir kondonاسie selfs vir 'n totale versuim om enige kennisgewing te beteken, het Mnr. Jordaan verwys na die bepalings van artikel 5(2) wat voorsiening maak vir die verstryking van 'n tydperk van 30 dae na betekening van die kennisgewing alvorens dagvaarding beteken mag word, waar die woorde

daarvan spesifiek lees “kennisgewing, waar van toepassing”. Aldus Mnr. Jordaan se betoog is hierdie woorde pertinent aanduidend van en slaan dit op gevalle waar geen kennisgewing gegee is nie, die dagvaarding dan uitgereik is en op ‘n aansoek om kondonاسie, kondonاسie verleen word sodat geen kennisgewing meer nodig is nie.

10.4 Mnr. Jordaan het voorts betoog dat indien eiser se argument dat ‘n staatsorgaan verplig is om op ‘n versuim met betrekking tot die laat kennisgewing te steun voordat aksie ingestel word, korrek is, dit tot gevolg sal hê dat indien geen kennisgewing gegee word voor dagvaarding uitgereik word nie, die staatsorgaan nie toegelaat word om op die afwesigheid van ‘n kennisgewing in die verweerskrif te steun nie. Dit sal die absurde gevolg hê dat dit vir ‘n skuldeiser beter sal wees om geen kennisgewing te gee nie en bloot dagvaarding uit te reik.

10.5 Mnr. Jordaan het uitgewys dat artikel 3(1)(b) voorsiening maak vir die instel van ‘n regsGEDING

sonder kennisgewing of met 'n gebrekkige kennisgewing indien die betrokke staatsorgaan “skriftelik toegestem het” tot die instel van die geding. Mnr. Jordaan het betoog dat indien dit die bedoeling van die Wetgewer was dat die staatsorgaan beswaar moet maak teen die skuldeiser se versuim voordat dagvaarding uitgereik word, die bewoording van voormelde artikel nie net na 'n skriftelike toestemming sou verwys nie, maar ook woorde tot die effek van “of nie daarteen beswaar gemaak het nie”, sou bevat het.

10.6 Met betrekking tot Mnr. Van Rooyen se argument dat artikel 3(4)(c) geïnterpreteer moet word as synde dat “kan” as “moet” gelees moet word, het hy aan die hand gedoen dat sodanige interpretasie nie moontlik is nie, aangesien dit dan teenstrydig sal wees met die woord “goedvind” wat in daardie sub-artikel voorkom.

10.7 Ter verdere ondersteuning van sy voormelde argumente, het Mnr. Jordaan na die omskrywing van “skuldeiser” in artikel 1 van die Wet verwys en submiteer dat dit pertinent aanduidend is daarvan dat

dit die bedoeling van die Wetgewer was dat 'n staatsorgaan ook geregtig is om eers na die instel van 'n aksie te steun op 'n skuldeiser se versuim met betrekking tot tydige kennisgewing en dat sodanige skuldeiser dus geregtig sal wees om ook na uitreiking van dagvaarding aansoek te doen vir kondonاسie.

10.8 Mnr. Jordaan het gevolglik betoog dat dit selfs nog op hierdie stadium steeds eiser vrystaan om aansoek te doen vir kondonاسie.

[11] Volledigheidshalwe word vermeld dat 'n derde party kennisgewing deur verweerder op die derde party hierbo in die kopskrif aangedui, beteken is. 'n Kennisgewing van berusting met betrekking tot hierdie uitspraak is namens die derde party geliasseer. Mnr. Stander, synde die derde party se prokureur van rekord, het wel tydens die aanhoor van die onderhawige aansoek verskyn, maar bloot om te bevestig dat die derde party berus by die Hof se uitspraak met betrekking tot die onderhawige eksepsie en dat hy die verrigtinge dus bloot in 'n observerende hoedanigheid bywoon.

[12] Wat betref die interpretasie van wetgewing en die korrekte wyse van wetsuitleg, het dit al male sonder tal judisiële oorweging geniet. Gevolglik is daar sekere uitgekristalliseerde beginsels wat ten opsigte daarvan toepassing vind. In **S v TOMS; S v BRUCE** 1990 (2) SA 802 (AD) op 807 H – 808 A is die basiese beginsels as volg verwoord:

“The primary rule in the construction of statutory provisions is to ascertain the intention of the Legislature. One does so by attributing to the words of a statute their ordinary, literal, grammatical meaning. Where the language of a statute, so viewed, is clear and unambiguous effect must be given thereto, unless to do so

'would lead to absurdity so glaring that it could never have been contemplated by the Legislature, or where it would lead to a result contrary to the intention of the Legislature, as shown by the context or by such other considerations as the Court is justified in taking into account...'

(per Innes CJ in *R v Venter* 1907 TS 910 at 915). (See also *Shenker v The Master and Another* 1936 AD 136 at 142; *Summit Industrial Corporation v Claimants against the Fund*

Comprising the Proceeds of the Sale of the MV Jade Transporter 1987 (2) SA 583 (A) at 596G - H.) The words used in an Act must therefore be viewed in the broader context of such Act as a whole.”

- [13] Wat laasgenoemde beginsel betref, synde dat die woorde wat in die Wet gebruik word (en dus ook alle artikels in die Wet vervat) in konteks met die hele Wet gelees moet word ten einde die bedoeling van die wetgewer vas te stel, is dit weereens bevestig in **FUNDSTRUST (PTY) LTD (IN LIQUIDATION) v VAN DEVENTER** 1997 (1) SA 710 (AD) op 726 I – 727 A:

“But judicial interpretation cannot be undertaken, as Schreiner JA observed in *Jaga v Dönges NO and Another; Bhana v Dönges NO and Another* 1950 (4) SA 653 (A) at 664H, by 'excessive peering at the language to be interpreted without sufficient attention to the contextual scene'. The task of the interpreter is, after all, to ascertain the meaning of a word or expression in the particular context of the statute in which it appears (*Loryan (Pty) Ltd v Solarsh Tea and Coffee (Pty) Ltd* 1984 (3) SA 834 (W) at 846G *ad fin*).”

[14] Dit is insgelyks so dat dit by wetsuitleg aanvaar word dat die wetgewer nie 'n resultaat bedoel wat tot 'n absurditeit sal lei nie. In **MINISTER OF LAW AND ORDER AND ANOTHER v ARGUS PRINTING AND PUBLISHING CO LTD AND ANOTHER** 1990 (1) SA 1058 (AD) op 1066 J – 1067 A is hierdie beginsel as volg verwoord:

“Such an interpretation would consequently, in my opinion, have led to glaring absurdity and a result manifestly contrary to the intention of the Legislature, as shown by the context. There is thus good ground for departing from the literal meaning of the words used ...”

Sien ook **POSWA v MEMBER OF THE EXECUTIVE COUNCIL FOR ECONOMIC AFFAIRS, ENVIRONMENT AND TOURISM, EASTERN CAPE** 2001 (3) SA 582 (SCA) op 587 C – F, in besonder 587 F wat as volg lees:

“The effect of this formulation is that the court does not impose its notion of what is absurd on the legislature's judgment as to what is fitting, but uses absurdity as a means of divining what the legislature could not have intended and therefore did not intend, thus arriving at what it did actually intend.”

[15] Ek meen dat dit vervolgens doelmatig is om die tersaaklike bepalings van artikel 3 van die Wet hierin aan te haal:

“3 Kennisgewing van voorgenome regsgeding moet aan staatsorgaan gegee word. -

- (1) Geen regsgeding vir die invordering van 'n skuld word teen 'n staatsorgaan ingestel nie tensy -
 - (a) die skuldeiser die betrokke staatsorgaan skriftelik kennis gegee het van sy of haar voorneme om die betrokke regsgeding in te stel; of
 - (b) die betrokke staatsorgaan skriftelik toegestem het tot die instel van daardie regsgeding-
 - (i) sonder sodanige kennisgewing; of
 - (ii) by ontvangs van 'n kennisgewing wat nie aan al die vereistes in subartikel (2) uiteengesit, voldoen nie.
- (2) 'n Kennisgewing moet-
 - (a) binne ses maande vanaf die datum waarop die skuld opeisbaar geword het, ooreenkomstig artikel 4 (1) aan die staatsorgaan beteken word; en
 - (b) bondig uiteensit-
 - (i) die feite wat tot die skuld aanleiding gegee het; en

- (ii) die besonderhede van sodanige skuld waarvan die skuldeiser kennis dra.

(3)

(4) (a) Indien 'n staatsorgaan steun op 'n skuldeiser se versuim om ingevolge subartikel (2)(a) 'n kennisgewing te beteken, kan die skuldeiser by 'n hof wat regsbevoegdheid het, aansoek doen vir kondonasie van sodanige versuim.

(b) Die hof kan 'n aansoek in paragraaf (a) bedoel, toestaan indien dit tevrede is dat-

- (i) die skuld nie deur verjaring uitgewis is nie;
- (ii) daar gegronde rede vir die skuldeiser se versuim bestaan; en
- (iii) die staatsorgaan nie onredelik deur die versuim benadeel is nie.

(c) Indien 'n aansoek ingevolge paragraaf (b) toegestaan word, kan die hof verlof tot die instel van die betrokke regsgeding verleen, op die voorwaardes met betrekking tot kennisgewing aan die staatsorgaan wat die hof goedvind.”

[16] In die onderhawige geval is die partye *ad idem* dat die skriftelike kennisgewing nie binne die voorgeskrewe tydperk

van ses maande nadat die skuld opeisbaar geword het, soos vereis in artikel 3(2)(a), gegee is nie. Die partye is voorts *ad idem* dat verweerder ook nie skriftelik toegestem het tot die instel van die regsgeding nie.

[17] Wanneer die bepalings van artikel 3(1) van die Wet gelee word, blyk die betekenis daarvan duidelik en ondubbelsinnig te wees dat geen regsgeding vir die invordering van 'n skuld soos gedefinieer in die Wet teen 'n staatsorgaan ingestel kan word nie, tensy

- (a) die skuldeiser 'n skriftelike kennisgewing (wat voldoen aan die bepalings van artikel 3(2)) van sy voorneme om sodanige geding in te stel aan die staatsorgaan beteken het, of
- (b) die staatsorgaan skriftelik toegestem het tot die instel van die geding sonder enige sodanige kennisgewing of sonder behoorlike kennisgewing aan hom ooreenkomstig die bepalings van artikel 3(2).

Reeds op 'n behoorlike interpretasie van artikel 3(1), kan Mnr. Van Rooyen se argument dat indien die staatsorgaan nie in reaksie op die kennisgewing beswaar maak teen die laat betekening daarvan nie, die skuldeiser nie vir kondonasie hoef aansoek te doen nie en bloot kan voortgaan met die uitreiking van dagvaarding, na my mening nie water hou nie. Dit is duidelik uit die bewoording van die artikel dat waar daar laat kennisgewing was, soos in die onderhawige geval, skriftelike toestemming vanaf die verweerder vir die instel van die aksie nodig was. Verweerder se blote nie beswaar maak teen of nie steun op eiser se laat kennisgewing in reaksie op die kennisgewing en voor uitreiking van dagvaarding, kan nie tot gevolg hê dat eiser geregtig was om bloot aksie in te stel en nie vir kondonasie aansoek te doen nie. Ek keer later hierin ook weer na hierdie aspek terug.

[18] Gevolglik moet daar na die bepalinge van die kondonasie-artikel, artikel 3(4), gekyk word.

[19] Alvorens daarmee voortgegaan word, wens ek te vermeld dat daar na die beste van my en die onderskeie

regsverteenwoordigers se wete nog geen gerapporteerde beslissing bestaan oor die regsvraag wat in die onderhawige geval bereg moet word nie. Daar het egter wel intussen 'n ongerapporteerde *ex tempore* uitspraak ter hand gekom, synde in die aangeleentheid van **SHIRLEY MARAIS v MINISTER VAN VEILIGHEID**, saaknommer 2727/2005, 'n uitspraak gelewer deur **Van der Merwe, R** in hierdie afdeling van die Hooggeregshof op 24 Oktober 2006. Ek gaan gevolglik wel na sekere gedeeltes van daardie uitspraak verwys, die inhoud waarmee ek met eerbied saamstem.

- [20] Artikel 3(4)(a) van die Wet maak daarvoor voorsiening dat indien 'n staatsorgaan steun op die skuldeiser se versuim om ingevolge subartikel (2)(a) 'n kennisgewing te beteken, die skuldeiser by die Hof kan aansoek doen vir kondonاسie van sodanige versuim. Gebaseer op die gewone, letterlike, grammatikale betekenis van die bewoording vervat in artikel 3(4)(a), is daar dus geen tydsbeperking geplaas ten aansien van wanneer sodanige kondonاسie aansoek gedoen moet word nie. Dit word dus ook op geen wyse beperk tot 'n geding wat nog nie ingestel is nie. (Sien ook

ongerapporteerde uitspraak van **MARAIS v MINISTER VAN VEILIGHEID EN SEKURITEIT**, *supra*, op p. 4, reëls 2 – 8.)

- [21] Ek is van oordeel dat die beste en duidelikste aanduiding dat dit inderdaad die wetgewer se bedoeling was dat aansoek vir kondonاسie ooreenkomstig die bepalings van artikel 3(4) van die Wet ook gedoen kan word nadat 'n regsgeeding reeds ingestel is, geleë is in die gebruik van die woord “skuldeiser” in artikel 3(4)(a) van die Wet. In die verband moet daar gelet word op die definisie van die woord “skuldeiser” soos dit in artikel 1 van die Wet voorkom, die tersaaklike gedeelte waarvan as volg lees:

“**skuldeiser**’ 'n persoon wat beoog om 'n regsgeeding teen 'n staatsorgaan in te stel vir die invordering van 'n skuld of wat alreeds so 'n geding ingestel het ...”

(Eie onderstreping)

Waar artikel 3(4)(a) dus spesifiek verwys na 'n “skuldeiser”, is dit na my mening duidelik die bedoeling van die wetgewer gewees dat dit ook slaan op 'n skuldeiser wat alreeds só 'n geding ingestel het. Gevolglik en aan die hand hiervan, kan

sodanige skuldeiser wel aansoek doen vir kondonاسie in terme van artikel 3(4) nadat `n geding reeds ingestel is.

[22] Na my mening moet daar egter steeds op die verdere bepalings van artikel 3(4) gelet word, sowel as ander relevante bepalings in die Wet as geheel, ten einde vas te stel of die wetgewer op enige ander plek `n beperking daarstel, aldan nie, met betrekking tot die tydstip wanneer sodanige aansoek om kondonاسie gedoen kan of moet word.

[23] Wat betref artikel 3(4)(b), bevat dit die vereistes waaraan voldoen moet word alvorens die Hof `n aansoek om kondonاسie sal toestaan. Dit bevat dus die beperkings wat deur die wetgewer daargestel is alvorens kondonاسie toegestaan kan word. By nalees van hierdie bepalings is ek dit eens met Mnr. Jordaan dat dit (ook) nie enige tydsbeperking daarstel ten opsigte van wanneer sodanige kondonاسie aansoek geloods kan of moet word nie. Dit bevat dus insgelyks geen bepaling dat dit beperk is tot `n geding wat nog nie ingestel is nie.

[24] Die bepalings van artikel 3(4)(c) van die Wet moet vervolgens ook in oënskouw geneem word. In dié verband

was dit, soos reeds vermeld, Mnr. Van Rooyen se argument dat 'n uitleg dat 'n aansoek om kondonاسie geloods kan word nadat 'n aksie reeds ingestel is direk teenstrydig is met die bepalings van hierdie artikel waar dit spesifiek bepaal dat die hof verlof kan gee tot die "instel" van 'n regsgeeding. Hierteenoor het Mnr. Jordaan aan die hand gedoen dat die bepalings van artikel 3(4)(c) nie die bevoegdhede van die hof in terme van artikel 3(4)(b) beperk nie, maar slegs uitdruklik voorsiening maak vir gevalle waar die instel van die aksie nog nie geskied het nie.

- [25] Soos reeds vermeld, het beide Mnr. Van Rooyen en Mnr. Jordaan argumente voorgehou met betrekking tot die vraag of artikel 3(4)(a) net voorsiening maak vir kondonاسie in gevalle van nie-tydige kennisgewing of ook in gevalle van geen kennisgewing. Ek meen egter dat dit nie vir my nodig is om hierdie vraag te beantwoord nie, aangesien dit die onderhawige aangeleentheid nie enigsins verder neem nie. Die bewoording van artikel 3(4)(c) waar dit verwys na die feit dat die Hof verlof "kan" verleen vir die "instel" van die betrokke regsgeeding, maak na my mening net pertinent voorsiening vir gevalle waar die instel van die regsgeeding

inderdaad nog nie plaasgevind het op die stadium wat aansoek vir kondonاسie gedoen word nie. Dit sluit nie uit dat aansoek om kondonاسie ook nog gedoen kan word nadat die geding reeds ingestel is nie. Dit is juis daarom dat die woord “kan” en nie “moet” gebruik is betrekking tot die verlof wat die Hof kan verleen vir die instel van die betrokke regsding, aangesien, indien die aansoek om kondonاسie gedoen word nadat die rgesgeding reeds ingestel is, die Hof uiteraard nie `n bevel met betrekking tot verlof om die regsding in te stel, gaan maak nie. Gegewe voormelde gevolgtrekking gebaseer op die gewone betekenis van die woorde van hierdie artikel en by gebrek aan enige absurde gevolg voortspruitend hieruit, is daar na my mening geen basis waarop hierdie artikel geïnterpreteer kan word, soos deur Mnr. Van Rooyen betoog, as dat die woord “kan” gelees moet word as “moet” nie. (Sien ook ongerapporteerde uitspraak van **MARAIS v MINISTER VAN VEILIGHEID EN SEKURITEIT**, *supra*, op p. 4, reëls 19 – 24.)

- [26] Wat betref die bepaling daarin dat die Hof voorwaardes kan oplê met betrekking tot kennisgewing aan die staatsorgaan wat die Hof goedvind, bevestig dit na my mening net weer

insgelyks dat artikel 3(4)(c) slegs pertinent voorsiening maak vir gevalle waar die aansoek om kondonاسie gedoen word voordat die aksie ingestel word, hetsy dit `n geval van geen kennisgewing of laat kennisgewing is. Dit blyk tog die doel van die kennisgewing te wees dat dit is om die staatsorgaan in staat te stel om die bewerings teen hom te ondersoek en sy posisie te oorweeg alvorens die koste van litigasie aangeaan word – dit is ook tereg so deur Mnr. Van Rooyen betoog. Derhalwe maak dit na my mening sin dat `n Hof, indien kondonاسie vir `n laat kennisgewing toegestaan word, steeds sal oorweeg om te gelas dat “verdere” kennisgewing moet geskied wat `n deur die Hof vasgestelde tydperk verleen waarbinne die staatsorgaan die voorgenome aksie teen hom kan oorweeg alvorens eiser die geding mag instel. Dit maak na my mening insgelyks sin dat waar kondonاسie toegestaan word vir die versuim om enige kennisgewing te beteken, die Hof ook sal oorweeg om vir dieselfde voormelde redes te gelas dat daar eers kennisgewing aan die staatsorgaan moet geskied alvorens die geding ingestel mag word. Die bevoegdheid om verdere voorwaardes met betrekking tot kennisgewing op te lê, is in ieder geval

diskresionêr, soos aangedui deur die woord “kan” saam met die woord “goedvind”.

[27] Ongeag of kondonاسie dus voor aansoek gedoen kan word slegs in gevalle van `n laat kennisgewing of ook in gevalle van geen kennisgewing, maak na my mening geensins afbreuk aan my gevolgtrekking dat artikel 3(4)(c) slegs pertinent voorsiening maak vir omstandighede waar die aansoek om kondonاسie gedoen word voor die instel van die geding en dat dit geensins weersprekend is van die bedoeling van die wetgewer dat aansoek om kondonاسie ook na die instel van `n geding gedoen kan word, soos gereflekteer deur die gebruik van die woord “skuldeiser”.

[28] Gevolglik is daar na my mening niks vervat in die bepalings van artikel 3(4)(c) wat aanduidend is van `n ander bedoeling van die wetgewer as dat kondonاسie ooreenkomstig artikel 3(4) ook voor aansoek gedoen kan word in omstandighede waar die regsgeding reeds ingestel is nie; intendeel, die gebruik van die woord “skuldeiser” in artikel 3(4)(a) bevestig sodanige bedoeling en bevestig ook dat `n staatsorgaan dus geregtig is om eers na die instel van `n geding, dus in die

verweerskrif, vir die eerste keer te steun op 'n skuldeiser se versuim met betrekking tot tydige skriftelike kennisgewing.

- [29] Soos blyk uit die regspraak reeds hierbo aangehaal, kan wetgewing ook uitgelê word op die basis dat absurditeit gebruik word as 'n hulpmiddel ter vasstelling van wat die wetgewer nie kon bedoel het nie en derhalwe nie bedoel het nie, waaruit voortspruitend dan bepaal word wat die wetgewer inderdaad bedoel het. In die verband verwys ek na die basis van die eksepsie en dus die basis van Mnr. Van Rooyen se argument, synde dat 'n staatsorgaan verplig is om op 'n versuim met betrekking tot die kennisgewing te steun voordat aksie ingestel word. Ek is dit eens met Mnr. Jordaan dat indien laasgenoemde argument korrek sou wees, dit tot gevolg sal hê dat in gevalle waar geen kennisgewing voor die dagvaarding gegee word nie en die staatsorgaan derhalwe nie in 'n posisie geplaas word om op die skuldeiser se versuim om sodanig kennis te gee te steun alvorens dagvaarding nie op hom beteken word nie, dit die absurditeit tot gevolg sal hê dat die staatsorgaan dan ook nie in sy verweerskrif daarop kan steun nie en die skuldeiser derhalwe bloot met sy aksie kan voortgaan nieteenstaande

sy nie-voldoening aan die bepalings van artikel 3(1) van die Wet.

- [30] Indien laasgenoemde uitleg gevolg moes word soos deur Mnr. Van Rooyen betoog en versoek, sal dit in effek tot gevolg hê dat daar geldigheid verleen word aan 'n aksie wat uitdruklik deur artikel 3(1) van die Wet verbied word (met ander woorde 'n aksie sonder vooraf (behoorlike) kennisgewing en sonder dat skriftelik daartoe toegestem is). Dit kon nie die bedoeling van die wetgewer gewees het nie en kan 'n hof nie sodanige uitleg ondersteun of goedkeur nie. Sien **SIMPLEX (PTY) LTD v VAN DER MERWE AND OTHERS NNO** 1996 (1) SA 111 (WLD) op 114 l:

“In my opinion, the Court cannot validate acts which are expressly prohibited by statute. To do so would be to arrogate to this Court the power to override valid legislative acts.”

- [31] Hoewel ek reeds vermeld het dat dit vir my nie nodig is om te beslis of aansoek om kondonاسie in terme van artikel 3(4) ook gedoen kan word in gevalle van geen kennisgewing nie, meen ek dat ek tog sekere *obiter* opmerkings daaromtrent

behoort te maak, aangesien dit volledig voor my argumenteer is:

31.1 Mnr. Jordaan het argumenteer dat die bepalings van artikel 5(2) van die Wet ondersteuning daaraan verleen dat artikel 3(4) ook voorsiening maak vir kondonاسie vir 'n totale versuim om enige kennisgewing te beteken, deurdat daardie artikel spesifiek die woorde bevat “kennisgewing waar van toepassing”.

Artikel 5(2) lees as volg:

“(2) Geen prosesstuk in subartikel (1) bedoel, mag beteken word soos in daardie subartikel beoog nie voor die verstryking van 'n tydperk van 30 dae nadat die kennisgewing, waar van toepassing, ingevolge artikel 3 (2) (a) aan die staatsorgaan beteken is.”

Na my mening verleen die bepalings van hierdie artikel nie noodwéndig ondersteuning aan 'n uitleg van artikel 3(4) dat laasgenoemde artikel ook voorsiening maak vir kondonاسie waar geen kennisgewing verleen is nie. My rede vir hierdie gevolgtrekking is dat artikel 5(2)

verwys spesifiek na 'n "prosestuk in subartikel (1) bedoel". Subartikel (1) verwys dan weer op sy beurt na "enige prosestuk waardeur 'n regsgeeding in artikel 3(1) beoog, ingestel word". Nou inaggenome dat artikel 3(1)(b) ook voorsiening maak dat 'n regsgeeding ingestel kan word sonder kennisgewing indien die staatsorgaan skriftelik daartoe toegestem het, kan die bepalings van artikel 5(2) ook op sodanige omstandighede slaan. Maar ek moet onmiddellik vermeld dat die bepalings van artikel 5(2) insgelyks geensins 'n bedoeling van die wetgewer reflekteer wat 'n uitleg van artikel 3(4) om ook voorsiening te maak vir kondonasie waar daar geen kennisgewing was, weerspreek nie.

31.2 Mnr. Van Rooyen het verwys na die bewoording van artikel 3(4)(a) waar daar spesifiek verwys word na 'n skuldeiser se versuim om ingevolge "subartikel (2)(a)" 'n kennisgewing te beteken. Soos reeds bekend, verwys artikel 3(2)(a) na die vereiste dat sodanige kennisgewing binne ses maande vanaf die datum waarop die skuld opeisbaar geword het, beteken moet

word. Gevolglik het Mnr. Van Rooyen betoog en aan die hand gedoen dat artikel 3(4)(a) slegs van toepassing is in gevalle van 'n laat kennisgewing en nie in die geval van geen kennisgewing nie. Hierdie argument blyk vir my korrek te wees. Hierdie siening baseer ek op die volgende:

31.2.1 Artikel 3(1)(b) tref 'n duidelike onderskeid tussen geen kennisgewing en 'n gebrekkige kennisgewing.

31.2.2 Artikels 3(2)(a) en (b) bevat onderskeidelik twee aparte vereistes waaraan 'n kennisgewing moet voldoen, een met betrekking tot die tydstip waarop dit gegee moet word en die ander met betrekking tot die vereistes waaraan die inhoud daarvan moet voldoen.

31.2.3 In beide bogemelde gevalle het die wetgewer dit dus nodig geag om 'n onderskeid te tref tussen die onderskeie

omstandighede aan die een kant (geen kennisgewing/gebrekkige kennisgewing) en die onderskeie vereistes aan die ander kant (tydstip van kennisgewing/inhoud van kennisgewing).

31.2.4 Waar die wetgewer dit dus goed gedink het om in artikel 3(4)(a) spesifiek te verwys na 'n versuim om 'n kennisgewing ingevolge artikel 3(2)(a) te beteken, blyk dit insgelyks aanduidend te wees van 'n bedoeling om dit te onderskei van eerstens 'n geval van geen kennisgewing en tweedens van 'n geval waar 'n tydige kennisgewing gegee is, maar die inhoud daarvan nie aan die vereistes voldoen het nie. Indien die wetgewer bedoel het om ook laasgenoemde twee omstandighede te dek deur die bepalinge van artikel 3(4)(a), sou ek verwag dat dit woorde sou bevat tot die effek dat indien 'n staatsorgaan steun op 'n skuldeiser se versuim om "enige

kennisgewing te beteken of 'n kennisgewing ingevolge subartikel (2) te beteken", kan die skuldeiser aansoek doen vir kondonاسie van sodanige versuim.

31.2.5 Inaggenome dat die vereiste dat die staatsorgaan nie onredelik deur die versuim benadeel word pertinent as een van die beperkings in artikel 3(4)(b) daargestel is alvorens kondonاسie toegestaan kan word, strook na my mening met voormelde onderskeid wat die wetgewer getref het deur kondonاسie te beperk tot slegs gevalle van laat kennisgewing. Inaggenome die doel van sodanige kennisgewing, sal die nadeel wat vir die staatsorgaan voortspruit uit geen kennisgewing en 'n kennisgewing waarvan die inhoud nie die feite en besonderhede van die skuld behoorlik uiteensit nie, baie groter en meer onredelik wees as in die geval van 'n blote laat kennisgewing. Dit is

waarskynlik waarom die wetgewer die reg om vir kondonاسie aansoek te doen, beperk het tot gevalle van laat kennisgewing.

- [32] Ek ag dit voorts nodig om volledigheidshalwe te vermeld dat Mnr. Van Rooyen verwys het na 'n ongerapporteerde uitspraak van myself in die aangeleentheid van **PEGMA THIRTEEN INVESTMENTS (PTY) LTD v THE FREE STATE DEVELOPMENT CORPORATION**, aansoeknommer 2399/06, aangehoor op 8 Junie 2006 en uitspraak gelewer op 12 Junie 2006, welke aansoek 'n dringende aansoek was vir kondonاسie in terme van artikel 3(4) van die Wet. Die bevindings waartoe ek geraak het in daardie saak, was uiteraard gebaseer op die besondere feite van daardie geval, welke na my mening nie van toepassing is in die onderhawige geval nie. Verdermeer en in soverre Mnr. Van Rooyen verwys het na my bevinding met betrekking tot die doel van sodanige skriftelike kennisgewing, doen dit na my mening nog nie afbreuk aan en/of weerspreek dit ook nie enige van my bevindings in die onderhawige aangeleentheid nie.

Met betrekking tot Mnr. Van Rooyen se verwysing na par. 17, bl. 15 van die uitspraak, waarin ek vermeld het dat 'n kondonasie aansoek eers gedoen kan word indien 'n staatsorgaan steun op 'n skuldeiser se versuim om die kennisgewing ooreenkomstig die wetsbepalings te beteken, ag ek dit nodig om dit in konteks te plaas. Ek het spesifiek in die aanvang van par. 17 vermeld dat dit 'n *obiter* opmerking is en ek nie 'n bevinding daaromtrent maak nie. Verdermeer is daardie opmerking van my gemaak teen die agtergrond daarvan dat die 30 dae tydperk waarbinne die staatsorgaan die geleentheid gehad het om te reageer op die skriftelike kennisgewing, in daardie geval nog nie verstryk het op daardie stadium nie en dit die rede was waarom ek vermeld het dat respondent, op daardie stadium, nog nie op applikant se nie-nakoming van die vereiste kennisgewing gesteun het nie en dat hy ook op daardie stadium nog onder geen verpligting was om aan te dui of hy daarop gaan steun of nie. In daardie geval kon die respondent derhalwe op daardie stadium nog skriftelik toegestem het tot die instel van daardie regsgeding en was dit die rede waarom ek die *obiter* opmerking gemaak het dat ek van mening was dat die

aansoek om kondonاسie in daardie aangeleentheid waarskynlik prematuur geloods is. Dit doen insgelyks, na my mening, geen afbreuk aan of weerspreek op geen wyse die bevindings waartoe ek in die onderhawige aangeleentheid kom nie.

[33] Vanweë die redes hierbo uiteengesit, is ek gevolglik van mening dat op 'n behoorlike uitleg van die Wet dit inderdaad die bedoeling van die wetgewer is dat:

- (a) die staatsorgaan óf binne 30 dae na betekening van die skriftelike kennisgewing kan steun op die skuldeiser se versuim om tydig en/of behoorlik kennis te gee óf vir die eerste keer ten tyde van die regsgeding (in sy verweerskrif) kan steun op die skuldeiser se versuim om enigsins skriftelike kennisgewing te gee of tydige en/of behoorlike skriftelike kennisgewing te gee; en
- (b) die skuldeiser derhalwe ook ná die instel van 'n regsgeding kan aansoek doen om kondonاسie ooreenkomstig die bepalings van artikel 3(4) van die Wet.

(Sien ook ongerapporteerde uitspraak van **MARAIS v MINISTER VAN VEILIGHEID EN SEKURITEIT**, *supra*, op p. 5, reëls 6 – 9.)

[34] In die onderhawige geval was verweerder dus geregtig om (vir die eerste keer) in verweerder se verweerskrif te steun op eiser se versuim om tydig skriftelik kennis te gee, nie teenstaande die feit dat verweerder nie binne 30 dae na betekening van die skriftelike kennisgewing of op enige stadium voor die uitreiking van dagvaarding daarteen beswaar gemaak het of daarop gesteun het nie. Verdermeer is eiser geregtig om nog op hierdie stadium, dit wil sê na die instel van die geding en terwyl die geding hangende is, in terme van artikel 3(4) van die Wet aansoek te doen vir kondonاسie van sy versuim om tydig sy skriftelike kennisgewing te beteken.

[35] Gevolglik kan die eksepsie nie slaag nie en moet dit van die hand gewys word.

[36] Mnr. Van Rooyen het in sy aanvullende betoogshoofde daarop gewys dat verweerder se konklusie in sy spesiale

pleit tot dien effekte is dat omdat eiser nie tydig skriftelik kennis gegee het nie en ook nie kondonasie verkry het nie, die aksie regtens nie ontvanklik is nie en derhalwe versoek dat die aksie afgewys word. Hy het gevolglik geargumenteer dat aangesien verweerder nie gepleit het dat hangende die aksie eiser nou geregtig is om aansoek te doen vir kondonasie nie, die eksepsie behoort te slaag. Na my mening kan die feit dat die verweerder in sy spesiale pleit (verkeerdelik) gevorder het dat die aksie van die hand gewys moet word in plaas daarvan om te vorder dat dit opgeskort word hangende 'n aansoek om kondonasie wat deur eiser geloods moet word, nie tot gevolg het dat die eksepsie slaag nie. Hoewel verweerder, indien hy suksesvol sou wees met die spesiale pleit, slegs geregtig sal wees op regshulp tot dien effekte dat die aksie opgeskort word hangende die kondonasie aansoek, sal dit nie afbreuk doen aan die sukses van die spesiale pleit nie. Die feit dat dit in die vorm van 'n afdoende pleit in plaas van 'n opskortende pleit verwoord is, sal nie afbreuk doen aan die regsgeldigheid en korrektheid van die inhoud daarvan nie.

[37] Ek is van oordeel dat die feit dat die eksepsie van die hand gewys word prakties en in effek tot gevolg het dat die meriete van die spesiale pleit indirek nou ook reeds suksesvol ten gunste van verweerder bereg is. Desnieteenstaande is die beregting van die meriete van die spesiale pleit as sulks nie tans voor my nie en meen ek dat dit derhalwe onvanpas sal wees om enige bindende gevolgtrekking of formele bevel daaromtrent te maak.

[38] Wat die koste betref, is ek van mening dat daar geen rede is waarom koste nie die uitslag van die eksepsie behoort te volg nie.

[39] Derhalwe word die eksepsie van die hand gewys, met koste.

C. VAN ZYL, R

Namens eiser:

Adv. P.C.F. van Rooyen SC
In opdrag van:
Mnr. C.D. Pienaar
Naudes
BLOEMFONTEIN

Namens verweerder:

Adv. A.F. Jordaan SC
In opdrag van:
Mnr. D.J. Joubert
Honey Prokureurs
BLOEMFONTEIN

/sp